# YADAH

Die Yadah is ’n buitemuurse aktiwiteit wat onder die kultuur-sambreel val en daarom ook deel van die Big Brag sal wees aan die einde van die jaar. Hierdie groep wil vir alle leerders (graad 1 – 7) ‘n veilige, gelukkige plek skep waar hulle meer van God kan leer, Hom kan loof en prys en aktief by uitreikprojekte betrokke kan wees.

**Elke “sessie” sal uit die volgende bestaan:**

- Boodskap uit die Bybel
- Loof en prys God deur sang
- Praktiese aspekte van ’n projek

**Wat behels die projekte?**
Die plan is om die leerders deur die proses van elke projek te begelei.
Dit sluit die beplanning, bemarking, voorbereiding en uitvoer van die projek, in.
Die Yadah-lede sal nie self verantwoordelik wees vir die voorsiening van al die produkte wat benodig word nie. Hulle sal wel betrokke wees by die projekbestuur en aktiwiteite.

**Ons projekte sluit o.a. in:**

- Plakkate met opbouende boodskappe vir die skool
- Bederfpakkies vir die inwoners van ‘n behoeftige ouetehuis
- Insameling vir en besoek aan die DBV
- Omgee-pakkies aan haweloses
- Ons deurlopende kossak-projek
- Kersfeesgeskenke aan ons terreinwerkers
- Ander projekte, bv. die winterbaadjies

Yadah beteken om God met uitgestrekte hande te prys. Ons wil God eer deur daadwerklik op te tree en te help deur projekte wat werklik ’n verskil in ander se lewens sal maak.

Indien u kind by die Yadah betrokke wil raak, stuur hom/haar Dinsdag 24 Mei om 14:00! Bring kleurpotlode saam!